

# Cape Malay-uitdrukings - 'n Jawaab-glossary

Tasneem Daniels

Menings

2021-08-12



4

0

0

0

0

3

0



3

Cape Malay Afrikaans is 'n mengelmoes van creativity, comedy, liefde, history en spirituality. Om Malay Afrikaans te ve'staan issie eintlik 'n kop-dingie. It's a very here and now thing, en as djy wil reg jawaab moet djy vining inval! Soe as djy virrie ee'ste kee 'n boeta of 'n tietie of 'n galatie of 'n punkie oppie Cape Flats raak sien, hie is 'n list of guidelines wat djy kan faam maak om saam't hulle te praat:

## Tramakassie

My absolute favourite ene, die crème de la crème van alle Cape Malay-uitdrukings! Die phrase is 'n Kaapse version vannie Indonesian derivative “terima kasih” wat bedoel “dankie”, gevolg deur “kassie vir Allah” as djy vannie Kaap is of “sama-sama” as djy in Indonesia is. Ek het recently die term “kembali” op Duolingo geleer, en iemand byrie Indonesian Consulate het vi my op WhatsApp “terima kasih kembali” gesê, wat bedoel “dankie vi jou oek”. Ek is sad om te sê dat “tramakassie” wôd nou phased out en replaced deur die Arabiese equivalent “shukran”, 'n reflection van 'n socio-cultural shift in recent years – daa's nou 'n heelwat groter global exchange tussen Arab culture en ôse community innie Kaap. “Tramakassie” is nou en dan net mentioned dee die contemporary generation as iets wat historical significance het (hulle dink dis “oudtyds”) en djy hoorit net oppie Cape Flats maa nie in urban Muslim circles'ie. Vi my of course is die woord timeless, en wanner ek in Indonesia in 2016 was, het ek gepromise dat ek sal dit wee t'rug bring narrie Kaap toe!

## Bismillah maar lekka

Die mooiste Arabies-Afrikaans phrase wat reserved is vi queens en kings byrie ietenstydtafel – suppers, braais, Labarang-tafels en allerande family meals. Die combined translation van hierie term is “geniet jou ete”. “Bismillah” is Arabies vi “innie naam van Allah” en is gesê en gebruik as 'n spiritual intention voo djy ienige activity begin, soes die

liedjie op Radio 786 se *Tiny tots* innie '90's deur presenters Zubeida Ederies en Naaymah Ally: "Bismillah, bismillah! Before we eat we say bismillah!" en "We are Muslims, we must all say bismillah to start the day!" Die laaste twee woo'de, of course, require niks translation as dji van Suid-Afrika is! Assie sjef vannie tafel "Bismillah maar lekka" vi jou sê, dan het dji permission om heeltemal te indulge – en dji gaan beslis oek seconds kry.

## Slamat

As iemand vi jou "slamat" sê, issit Eira Labarang (Eid), jou wedding, jou wedding anniversary, jou kind se wedding, jou birthday, jou kind se doepmaal (naam gie), of as dji't skool klaa gemaak't ennis jou graduation. Usually sal iemand jou hand vat om slamat te sê en 'n soentjie op jou wang los. Op Labarang, die ouere manne sal hanne vat om slamat te sê en dan mekaa drie (of mee) kee op 'n tyd drukkies gie, side-to-side, wang-tot-wang. "Slamat" is oek originally Indonesian – "selamat". Baie Cape Malay-uitdrukkings soes hierie een veloo 'n syllable binne of aanie einde vannie woo'd as dji'rit vinnag sê.

## Maningal

Originally Indonesian vi "oorlede", en dit is gebruik in twee maniere: "maningal" (teenwoordige tyd) en "gemaningal" (verlede tyd) – woo'de wat dji baie gereeld hoo by janaazas (begrafnisse). Innie ou dae wassie malboet die een responsible om janaaza announcements uit te sit en vi die hele community te inform as iemand gemaningal is. Dis usually 'n hele performance innie straat: "Gabba, gaaba! My ma-hulle stuur krieslaam. Boeta so-en-so het vandag maningal. Die janaaza is 1'o clock byrie masiet." My pa ve'tel my baie malboet-stories vannie District Six days, en die malboet tradition is nog altyd alive innie Bo-Kaap – die imam sal oorrie masiet se mike janaaza announcements gie. Maa nowadays stuur die malboet net 'n WhatsApp broadcast, of dji hoo janaaza notices oppie radio on a daily basis.

## Nawaytu kwaytu

Die oemies en boeyas wat klein kinnere 8 o' clock innie bed sit elke aand is baie familiar met hierdie term wat bedoel "Dis nou slapenstyd". Die Arabiese "nawaytu" is "ek is van plan om" en "kwaytu" is in Afrikaans "bed toe".

## Kyk verder:

- [Cape Malay "Jawwap!"](#)
- [Barakat cast Joey Rasdien en Quanita Adams oo "Akkeltjies"](#)
- [Anner common janaaza expressions](#)

## Lees ook:

[Sampai Jumpa Lagi, Indonesië – Memories van my 2016-trip Indonesië toe](#)

[Die eerste Kaaps-woordeboek: 'n onderhoud met Quentin Williams](#)

## Kommentaar

Pieta+van+Deventer

2021-08-21 at 12:00

Wat 'n lekkerlees artike! Hier is verskeie woorde wat ek nou in my persoonlike woordelys moet gaan byvoeg. Mag u u weg oopsien om nog sulkes te plaas. Dit laat my tone krul van lekkerkry.

Tramakassie,  
Pieta

Reply

---

Sybrandus Adema

2021-08-22 at 08:16

Sien ook <https://alexfam786.wordpress.com/501-2/> vir meer.

Reply

---

Tasneem Daniels

2021-08-28 at 01:44

Tramakassie vir julle altwee! Pieta, d jy het beslis my dag gemaak, en ja, Sybrandus, ek's well aware vannie Ek Sombain Gou Dot Kom blog. Die writer van daai blog is baie on point met sy stories!

Reply

---

Faika Haroun

2021-09-01 at 08:00

Ek likes jou article. Sien jy gebreik die woo'd janaaza, maar eintlik sê is mense mos kiefaayat.

Reply

## Reageer

Jou e-posadres sal nie gepubliseer word nie. Kommentaar is onderhewig aan moderering.

Reageer

Jou naam\*

Jou e-posadres\*

Save my name, email, and website in this browser for the next time I comment.

PLAAS

Stel my in kennis indien nuwe kommentaar bygevoeg word.